# GIGI WARM THYS OP

YOLANDA BARNARD

Thys die Bosveldklong het glad nie verwag dat 'n ratse stripbokkie vroegoggend saam met hom in 'n buitelugstort onder die water sou trippel nie.

En toe sy nog liefderik oor sy rooi pens streel, het onse Thys soos 'n renoster geblaas.

Thys en die *Net Virrie Grap*-span het dié week die bosveld saam met die stripper en *Celebrity Survivor*-wenner, Gigi, aangedurf. En dit was ook Gigi wat op die lang pad tussen Rustenburg en Vaalwater vir Thys 'n nuwe naam uitgedink het. Die Rooi Renoster.

Die grappies tussen Thys en Gigi het al by *Bosveld Stereo* in Hartbeespoortdam begin toe Gerhard Odendaal, beter bekend as Dikgat Vaatjie, die span kom join het. Gigi het met groot oë vertel dat so 'n ronde knapie eendag voor Lollipop Lounge opgedaag en vir haar sekretaresse gesê het dat hy al kaalgat saam met Gigi in die bed was.

"My sekretaresse het wit geskrik by my kantoor ingestorm. Ek het dadelik geweet van wie sy praat en het net gesê: "Ja, dit is waar."

Thys het homself flou gelag - min wetend hy sou die volgende oggend saam met Gigi stort.

Thys het Woensdagoggend ewe rustig die water oor hom laat plas en na die natuur gestaar. Hy het nog 'n wysie of twee ook gefluit - dit is mos min wat 'n man kans kry om 'n ruiter van die windjie te wees...

Thys het darem so 'n stortbroekie aangehad toe Gigi haar hand op sy bors laat rus.

"Hiert, hier is nou 'n derde hand," het Thys geskater terwyl die kameramanne alles op film vasgevang het.

En toe: "Ou Vaatjie het dalk 'n bed met Gigi gedeel. Ek het saam met haar gestort. Of Gigi in haar naakte waarheid voor Thys gestaan het, sal kykers maar self moet sien. Ons almal weet Gigi het nie 'n skaam haar op haar lyf het nie..."

En Debbie, Thys se vrou, het maar net gelag. Sy ken teen die tyd al haar man se streke.

Die span gaan weer in November 'n draai in die Kaap maak.

Kom loer ook op die *Net Virrie Grap*-website www.netvirriegrap.com om te sien waar die crew orals rondrits. SMS jou naam en grappie na 40862 om lekker pryse te wen.

Die wengrap van die week is ingestuur deur Ester van Brakpan: "As jy 'n leeu in die bosveld raakloop, gee een tree regs, een tree agtertoe en een tree links! Dit help nie teen die leeu nie, maar keer dat jy in jou eie k@k trap!



**Aita pappa... Gigi het saam met Thys onder die stort ingespring. Of sy wel eers later haar goue bikini aangetrek het, sal die kykers maar moet sien. Die fotograaf het dit natuurlik vreeslik geniet om vir Gigi af te neem.** FOTO: Willem Venter

## SonLag

Die klein lastige seuntjie klim op die skoolbus en toe hy gaan sit, begin hy sing:

"As my pa 'n leeu was en my ma was 'n leeu, dan was ek 'n leeuwelpieeeeeeeee!

"As my pa 'n koning was en my ma 'n koningin, dan was ek 'n plinsssssssss!"

...voor drie daar weg.

Toe ek by die voordeur ingaan, het die koekoekhorlosie in die portaal drie keer kliphard gekoekoek en vertel dis drie-uur.

Ek het vinnig gedink, besef my man sal waarskynlik nou wakker wees en ek wil tog nie nou 'n woordewisseling met hom aanknoop nie.

...was nog altyd haar man se kleur. Sy wil eerder hê haar man moet in 'n blou suit begrawe word.

Die blond meen dis geldmors, maar die weduwee sê sy gee glad nie om wat dit kos nie.

Die volgende dag is die weduwee terug en haar man lê daar in 'n smart blou suit. Sy is baie bly.

"Wat's die skade?" vra sy.

"Niks," sê die blond.

"Wat?" vra die weduwee. "Hoe is dit moontlik?"

"Wel," vertel die blond. "Daar het gister net toe jy loop, 'n lyk ingekom van 'n man wat net so groot is soos jou man. Hy het 'n splinternuwe blou

## HAAZIT!

Deur ANGOLA BADPROP en ELVIS NIENABER

